

Sing vooraf staande: Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittermart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 33:5, 6 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Skriflesing: Psalm 33:1-22; Johannes 1:1-18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 9

Kernvers: Psalm 33:12; Johannes 1:12-13

Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het. (Psalm 33:12 AFR53)

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. (Johannes 1:12-13 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?

Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voor-sienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is (c). Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Efes 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Efes 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

Tema: Jou troos in hierdie lewe: Die almagtige God is ter wille van Christus jou Vader

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanaf Sondag 9 tot en met Sondag 22 staan ons by die Twaalf Artikels stil. In hierdie 14 Sondagafdelings lei die Heilige Gees ons om die inhoud van ons geloof in detail te begryp. Die Twaalf Artikels kan nie vir ons maar net 'n klomp woorde wees wat ons maar elke Sondag gedagtelos agterna sê nie. Wanneer ons ons geloof met die woorde van die Twaalf Artikels bely, wil die Here hê dat ons die troos wat die Heilige Gees ons in elke artikel skenk aan ons hart voel. Hierdie troos is immers vir elke gelowige se hele lewe. In die eerste artikel hoor ons hierdie troos: **Die almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus is ter wille van sy Seun Christus ons Vader.**

Dat ons gelowiges God as ons Vader behoort te ken is so belangrik dat die saak twee maal in ons kategismus aan die orde gestel word. Dit kom hier in Sondag 9 en weer in Sondag 46 by die gebed aan die orde. In albei hierdie Sondagafdelings bely ons dat God ter wille van Christus ons Vader is. Hier in Sondag 9 val die klem daarop dat **die ewige Vader van ons Here Jesus Christus**, die almagtige Skepper en Onderhouer van alles, **ter wille van sy Seun Christus my** en jou **God en Vader is.**

Aan die hand van die eerste sin van antwoord 26 gaan ons hoor watter troos daar vir ons is in die feit dat die almagtige God ook ons Vader is. Daarom staan ons dan ook by drie sake stil:

- God is die ewige Vader van Jesus Christus,
- Hy is ook die almagtige Skepper en Onderhouer van alles, en
- Hy is ons genadige Vader.

Ons begin by die ewigheid, kom in die tyd in en eindig by ons met ons oog gerig op die ewigheid waarna die Here met ons op pad is.

Broers, susters en kinders, God is die ewige Vader van Jesus Christus. Hy het nie eers 'n Vader geword toe die Seun van God as die mens Jesus Christus uit die maagd Maria gebore is nie. Die Seun van God het immers nie eers begin leef toe Hy uit Maria gebore is nie. Trouens, ons leer uit die Woord God ken as die ewige God: God het nie 'n begin of einde nie. En in aansluiting by verlede Sondag weet ons dat hierdie een God Homself in drie onderskeie Persone aan ons openbaar – Hy is Vader, Seun en Heilige Gees en nie Een van Hulle het 'n begin of einde nie. Na sy menslike natuur het Jesus Christus wel 'n begin – Maria het op 'n sekere moment met Jesus Christus swanger geword. Maar as God en Here leef die Seun van ewigheid af. En tussen die Seun en die Vader is daar van ewigheid af die verhouding Vader en Seun.

Wat dit regtig beteken dat Jesus Christus die Seun van die Vader is, sal ons mense nooit kan deurgrond nie. Gelei deur die Heilige Gees kan ons maar alleen die woorde van God in Johannes 1 as die waarheid glo en bely:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
(Johannes 1:1 AFR53)

Hy was teenwoordig toe die Vader die hemel en die aarde geskep het, want die Vader het deur Hom alles geskep:

Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (Johannes 1:3 AFR53)

Verder as dit kan ons menslike verstand nie in God se bestaan in delf nie. Hy wil dat ons maar alleen sal glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die enigste Seun van God is. Die Seun is nie gemaak of geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees. Hy is een wese met die Vader. Hy is ewig God saam met die Vader. Soos wat die Vader die lewe in Homself het, het die Seun ook die lewe in Homself.

Alhoewel ons die ewige verhouding tussen die Vader en die Seun nooit ten volle sal kan begryp nie, beteken dit nie dat ons dit maar kan vergeet en aan die teoloë oorlaat om alleen daarvoor te redeneer nie. Wat die hemelse Vader aangaande sy ewige verhouding met die Seun openbaar, het Hy vir ons gewone mense in die Bybel laat skryf. En aangesien ons God ewig God is sonder begin of einde, staan die ewige verhouding tussen die Vader en die Seun nie los van ons mense wat vandag leef nie.

God se ewige Vaderskap ten opsigte van sy Seun word met ons persoonlik verbind, want ons noem die Seun **ons Here Jesus Christus**. Ook ons word in die ewige verhouding van die Vader en die Seun betrek. Die besondere verhouding tussen God die Vader en ons bestaan ook van ewigheid af ter wille van Christus. In die ewigheid, nog voordat die skepping daar was, het die ewige Vader van ons Here Jesus Christus sy mense al uitverkies. Geliefde, as jy deur die Heilige Gees in jou hart oortuig is dat Jesus Christus jou ook verlos het, dan is hierdie troos vir jou bedoel. Jou verhouding met God as Vader bestaan nie sommer maar net van nou die dag af toe jy begin glo het nie. God het reeds in die ewigheid 'n besondere verhouding met jou begin. Voordat ek en jy bestaan het, het Hy ons ter wille van Christus gekies om sy kinders te wees.

Die Heilige Gees bring hierdie troos nog dieper in ons harte in. Die Vader van ons Here Jesus Christus is ook die almagtige Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan. Die gelowiges verbly hulle so daarin dat hulle God die almagtige Skepper is dat hulle die loflied van Psalm 33 met volle oorgawe jubel.

Deur sy Woord wat ewig by Hom is, het die Vader die hemele gemaak. Hy het net gepraat en uit die niet het die hemelliggame en elke planeet ontstaan. Deur sy almag hou Hy elke planeet op presies die regte afstand van die son af sodat die aarde leefbaar kan wees vir plante, diere en mense. Met die krag van sy Woord het die Here ons God die seewater laat saamkom soos in 'n dam. Die groot waters het Hy op een plek opgegaan sodat die droë grond te voorskyn gekom het en daar blyplek kan wees vir mens en dier.

Vir ons gelowiges is daar nie 'n ander verklaring vir die ontstaan en bestaan van alle dinge nie as slegs die ewige God en Vader uit wie alles is. Hy het die grote heelal waarvan die mens die eindes nog nie kon sien of bereik nie, tot stand gebring. Die see en riviere, die aarde en die lug het Hy gevul met skepsels van die mees uiteenlopende aard en voorkoms. Deur net te praat, het Hy al hierdie dinge gedoen. Hoe groot is ons God en Vader wat alles geskep het dan nie? En al hierdie groot werke van ons God is maar fluisterstemme waarin ons van sy almag hoor.

Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?

(Job 26:14 AFR53)

Maar ons groot en almagtige God is nie net met die groot dinge in sy skepping gemoeid nie. Hy openbaar sy seggenskap en handewerk ook in wat vir ons maar klein en nietig lyk. Hy bepaal die rigtings van visse, voëls en wurms. Hy het 'n vis gestuur om Jona van verdrinking te red. Hy het die kraaie gestuur om vir Elia kos te bring. Hy het 'n wurm gestuur om die wonderboom by Jona af te vreet. Selfs ook die dinge wat ons nie kan sien of hoor nie, is onder die heerskappy van ons almagtige God. **Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke** (Psalm 33:10 AFR53) as hulle planne en besluite nie in ooreenstemming met sy plan is nie.

Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag (Psalm 33:11 AFR53).

Groot en klein, sigbaar en onsigbaar is in die hand van die almagtige God. Vir ons is dit 'n groot troos om te weet dat iemand in beheer is van alles wat gebeur. Alles gebeur nie net sommer maar net nie. God het sy skepping nie nadat Hy dit geskep het, gelos om maar self aan te gaan nie. En vir ons gelowiges is dit 'n nog groter troos, want hierdie almagtige God is ons Here. Hy het ons gekies om sy eie volk te wees. Met ons het Hy 'n besondere verhouding gesluit. Wat Hy in die ewigheid gedoen het, het Hy sigbaar in die tyd aan ons geopenbaar. Hy het sy verbond met ons bevestig. Hy het Homself as ons God en Vader bekend gemaak en Hy noem ons sy kinders.

Geliefdes, dit is hartroerend dat die groot en almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, vir ons nietige mensies die Vader wil wees wat ons met alles vir liggaam en siel versorg. En tot watter uiterste het Hy nie gegaan om ons sy kinders te maak nie? Niks was vir Hom te veel, te groot of onmoontlik om ons van sy verhouding met ons te wete te laat kom nie.

Hy het sy eie Seun na hierdie wêreld gestuur en Hom 'n mens laat word. Die ewige Seun van God het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan ons mense gelyk te word. In gehoorsaamheid aan sy ewige Vader het Hy dit vir ons gedoen. En sy gehoorsaamheid het behels dat Hy die God wat ons nie kan sien nie, aan ons bekend gemaak het as ons hemelse Vader.

Maar dit was nie die einde van God se Vaderliefde vir mense nie. God het Homself nie net deur die woorde van Jesus Christus as ons Vader bekend gemaak nie. Dit was veral in die

offerande van sy Seun aan die kruis dat Hy sy Vaderliefde aan ons bekend gemaak het. Hy het ons immers in die ewigheid uitverkies om tot in ewigheid sy kinders te wees. Hy wil nie net nou vir ons die Vader wees nie, maar ook tot in alle ewigheid. Om vir ons die ewige Vader te wees wat Hy wil wees, moes Jesus Christus die kettings van Satan van ons af losbreek. Hy moes ons beperkings om regtig kinders van God te wees wegneem. Daarom het Hy uit gehoorsaamheid aan sy Vader gewillig aan die kruis vir ons sondes gesterf.

Nog is dit nie die einde van God ons Vader se bemoeienis met ons nie. Hy het sy Heilige Gees aan ons gegee sodat ons deur sy wysheid kan kom tot die erkenning: Jesus Christus het ook vir my sondes aan die kruis gesterf. En omdat die Heilige Gees hierdie geloof in ons hart werk, kan ons verseker weet: Jesus Christus het ons ook kinders van God gemaak. Ter wille van Christus is God ons Vader tot in alle ewigheid.

Broers, susters en kinders, luister net na hierdie troosryke woorde:

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

(Johannes 1:12-13 AFR53)

In die tyd van Johannes was verlossing net vir sekere groepe mense bedoel. Jy kon verlos word deur óf 'n sekere filosofiese rigting te volg, maar dan moet jy intelligent wees; óf deur een of ander misteriekultus, maar dan moet jy een van die ingewydes wees; óf deur die Joodse geloof, maar dan moet jy van die regte voorouers afstam. En nou kom maak God teen alle menslike oortuigings in aan ons bekend dat Hy die Vader is van almal wat in sy Seun glo. Jy hoef nie 'n hoë IK te hê nie, of 'n sekere ouderdom of van 'n sekere geslag of ras of godsdienstige agtergrond te wees nie. Almal wat regtig glo dat Jesus Christus hulle Verlosser is, het die reg om kinders van God te word.

Ja, omdat jy in Christus glo, het jy die reg om kind van God te wees. Dit maak nie saak wat ander mense van jou dink nie. Al lyk dit of jy in die oë van mense waardeloos is as gevolg van jou vermoëns, Christus het jou waardig gemaak vir God. Hy is jou Vader – nie omdat mense jou hoog aanslaan nie, maar ter wille van Christus se offer aan die kruis. Ongeag wat jy ook al van jouself dink, jy is niks minder nie as 'n persoonlik gewaardeerde en geliefde kind van God jou Vader. Want jou kindskap hang nie van jou af nie; dit hang alleen af van Christus se verlossingswerk. En sy verlossingswerk is heeltemal in ooreenstemming met God se besluit wat altyd vasstaan.

Geliefdes, aan hierdie troos kan ons al die dae van ons lewe vashou. God, die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, het ons reeds in die ewigheid uitverkies om sy kinders te wees. Vir God die almagtige Skepper en Onderhouer van alles is dit nie vernederend om ons Vader te wees nie. En Hy het niks ontsien nie – nie eens Homself en sy eie geliefde Seun nie – om hierdie geloof in ons hart te werk. Ter wille van sy Seun Christus wil en sal God ons Vader wees tot in alle ewigheid. Tot ons troos sal ons Vader deur sy Gees en Woord ons altyd herinner aan hierdie besondere verhouding van Hom met ons.

Amen!

Slotgebed

Psalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Oktober 2013